# 18 April 2024 - Lesing 291 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Swak geloof – Ongelowigheid – 24/6/62

**NO: 8197** Die geloof van die mense het baie swak geword. Die mense ken wel almal die leerstellings van My, hul God en Skepper, **hulle neem egter nie alles as waarheid aan wat vir hulle as sodanig uiteengesit word nie,** en hulle verwerp ook dikwels die leerstellings wat volgens waarheid is, omdat hulle self nie in staat is om dit te ondersoek nie, oftewel nie die regte weg gaan om dit te kan ondersoek nie: **Naamlik die direkte weg tot My**, Wie hulle waarlik ook insig in die waarheid sal skenk.

Wat die mense geleer word van die kant **van hulle wat hulleself aangestel voel**, is maar meestal gespeen van die waarheid. Dit is 'n **misvormde leer** wat daarom nie ooreenkomstig die waarheid is nie, omdat dit sonder enige ondersoek aangeneem word as Goddelike inspirasie - en daar nou ook **die onvoorwaardelike aanneem van hierdie leerstellings geëis word**, sodat ook die denkende mens dit nie waag om self te ondersoek nie, om die waarheid van die dwaling te kan onderskei, - **dog moet hy dit doen**, indien hy ernstig na die suiwer waarheid verlang en homself tot My Self sou wend.

En so het die mensdom ongelowig geword, sodat hulle dikwels ook 'n God en Skepper nie meer wil erken nie en daardeur ook hul aardse weg nie kan deurgrond nie en gevolglik die sin en die samehang van die mense met hul God en Skepper ook nie vir hulle duidelik te maak is nie. Hulle is daarom ook **nie op hoogte van My Wil nie,** waarvan die vervulling daarvan aan hulle 'n groot helderheid sou skenk.

En sodoende streef geen mens daarna om die weg tot My terug te gaan nie, as hy in die mate ongelowig is dat hy selfs twyfel aan die bestaan van 'n God en Skepper. En so moet die mens eers weer daardie geloof verwerf en wat hy ook kan verwerf, omdat hy kan dink en omdat hy ook gehelp word om korrek te dink as dit om sulke innerlike vrae gaan soos: **In welke verhouding hy as geskape wese staan tot die Mag wat hom geskape het.**

En as die mens maar wil, kan hy ook tot geloof kom - as hy homself besighou met vrae wat in verband staan met sy bestaan op hierdie aarde. Want altyd sal ligwesens hulleself oor hom bekommer en hom d.m.v. gedagtes onderrig en dit volgens die waarheid, sodra dit sy verlange is om die waarheid te verkry. Maar dan sal hy ook spoedig weet dat dit die Wil van sy Skepper is **dat die mens 'n lewe in liefde lei.**

Hy sal dit weet, omdat hy self die gevoel in hom het **van wat goed en wat sleg is** omdat hy binne-in hom 'n stille aanmanende stem het (**die gewete**: uitg) wat aan hom Sy Wil bekend maak.

En leef die mens nou volgens sy innerlike gevoelens, dan sal ook die geloof in hom spoedig lewend wees. Hy sal weet dat sy innerlike gevoelens korrek is, - dat daar 'n Wese is uit Wie se Mag hy voortgekom het - en dat hierdie Wese met Sy Liefde hom omhoog hef. Want hy sal vinnig besef kry oor die wyse weë waaroor hy gelei word en wat duidelik aan hom die aanwesigheid van so 'n Mag bewys en aan wie hy sy bestaan te danke het.

En as hy nou hierdie gedagtes verwerf het, dan sal hy homself ook d.m.v. sy gedagtes tot hierdie Wese wend en - omdat hy Sy grote Mag insien, homself **ook vrywillig onder Hom plaas,** - homself laat lei en die magtige Wese om Sy bystand vra. Want hy voel homself as mens swak, maar wil nie teen die Wil van so 'n Mag in handel nie.

Dan onderwerp hy sy wil aan My, die ewige Godheid - en dan kan hy ook seker daarvan wees dat hy deur My omvou sal word en dat Ek hom nimmermeer sal opgee totdat hy homself met My verenig het, -**totdat hy sy aardse opdrag vervul het**, - wat hom opgelê is vir sy aardse bestaan en wat altyd alleen daaruit bestaan dat die mens sy God en Vader erken en na My streef - en **dat hy hom onderwerp aan My Wil.**

Dat hy Hom dus weer erken as sy God en Vader van ewigheid, van wie hy hom eens vrywillig afgewend het en daardeur in die diepte geval het, **waaruit hy onherroeplik weer na bo moet terugkeer,** - dat hy daarom vanweë daardie doel oor die aarde gaan. Die mens moet leer om te glo - en daarom moet aan hom 'n kennis ooreenkomstig die waarheid uiteengesit word. Dan sal hy ook kan glo, want dan sal hy My, sy God herken as sy Vader en na My Liefde verlang, wat Ek hom ook onbeperk sal skenk omdat hy eens uit My Liefde voortgekom het.

Ek kan hom egter op geen enkele wyse tot geloof dwing in leerstellings van die geestelike ryk nie, wat Myself as God en Skepper betref. **Die mens moet self daardie geloof verwerf** en hy sal dit ook kan doen, as hy maar **'n lewe in liefde sal lei** - as hy sy bes doen om die eieliefde te oorwin en dit in **onselfsugtige naasteliefde te verander.**

Hy sal daarom **innerlik** daartoe aangespoor word, omdat My Goddelike liefdesvonk dit bewerkstellig, wat hom steeds daartoe probeer bring om goed te doen **in onbaatsugtigheid** - en hy hoef maar net toe te gee aan die aandrang daarvan. Want elke liefdedaad skenk aan hom lig - en wat daar nou van hom geëis word om te glo, sal hy steeds meer begryp, - hy neem dit aan en daardeur word sy geloof lewend. Amein.